VOORWOORD

AAN VOORNEMENDE LEERLINGE

Hartlik welkom in die beste Afrikaanse skool in Port Elizabeth - Framesbyland! Ons het vanaf 1964, jaarliks, daarin geslaag om 'n trotse rekord op akademiese-, sport en kulturele gebied op te bou en ons glo dat jy aan hierdie tradisie sal help voortbou. Maak gebruik van al die wonderlike en interessante geleenthede wat Framesby jou bied en word deel van die groot, gelukkige en trotse Framesby-familie!

AAN OUERS VAN VOORNEMENDE LEERDERS

Ons strewe daarna om elke leerder op akademiese, geestelike, sosiale, kulturele en sportgebied tot sy volle potensiaal te laat ontwikkel sodat hy/sy in die volwasse lewe sy plek as 'n gebalanseerde en verantwoordelike landsburger sal kan volstaan. Om hierdie doel te bereik, maak ons staat op ons belangrikste vennote in die opvoedingsproses: die ouers van ons leerders. U liefde, aanmoediging en belangstelling in die vordering van u kind, sowel as u betrokkenheid by skoolaktiwiteite, is onontbeerlik. Daarom strewe ons daarna om noue kontak met ons ouergemeenskap te handhaaf. Dit geskied onder andere deur middel van die volgende:

- 'n inligtingsaand vir ouers van nuwe leerlinge
- kwartaallikse omsendbriewe aan ouers
- daaglikse opdateerde inligting op die skool se kommunikasieprogram via internet
- oueraande waartydens ouers die vordering van hulle kinders met vakonderwysers kan bespreek
- toetsverslae en rapporte
- 'n graadhoof- en voogstelsel ten einde nouer kontak met leerlinge te bewerkstellig om sodoende probleme vroegtydig te identifiseer en onder ouers se aandag te bring
- 'n prysuitdeling- en ander funksies
- 'n aktiewe ouer-onderwyservereniging (Framesby Ondersteunersvereniging)

U is ook te alle tye welkom om probleme rakende u kinders telefonies of persoonlik met my of die betrokke Graadhoof te bespreek.

Jan Stroebel
SKOOLHOOF

Posadres

Hoërskool Framesby
Posbus 28065
Sunridgepark
PORT ELIZABETH
6008

Telefoonnommer Skool : 041- 360 1257
Faksnommer Skool : 041- 360 7787

e-pos : inligting@framesby.co.za
Webwerf :www.framesby.co.za

TOELATINGSBELEID VAN DIE HOËRSKOOL FRAMESBY

1. Die voertaal van die skool is Afrikaans en alle onderrig, afrigting, handboeke, leermateriaal, werkstukke, toetse en eksamen sal in Afrikaans geskied.

2. Die skool handhaaf 'n Christelike etos, aard en karakter, asook die kultuur en tradisies van die skool. Op geen wyse sal daar egter gediskrimineer word teen leerders op grond van ras, godsdiens en geloof nie.

3. 'n Leerling moet oor die vereiste akademiese prestasiepeil vir toelating tot die graad, waarvoor hy aansoek doen, beskik.

4. 'n Leerling moet hom aan die gedragskode en huishoudelike reëls van die skool onderwerp en ouers moet die skool bystaan tot die nakoming van hierdie reëls.

5. Ouers moet onderneem om die voorgeskrewe, verpligte, skoolgeld te betaal, met inagneming van die Departementele glyskaal vir korting of kwytskelding.

6. Dit word sterk aanbeveel dat 'n leerder nie by hierdie skool inskryf indien sy/haar ouderdom meer as twee jaar verskil van die gemiddelde ouderdom van die betrokke graad nie.

7. Voorkeur word verleen aan leerlinge wie se ouers binne die natuurlike voedingsgebied van die skool woon.

8. Toelating tot sekere vakke word beperk weens die beskikbaarheid van toerusting en fasiliteite bv. Verbruikerstudie, Rekenaartoepassingstegnologie, Ingenieurs Grafika en Ontwerp en Inligtingstegnologie.

9. Die skool behou hom ook die reg voor tot 'n aanvaarbare leerder-personeel verhouding per klas. Om hierdie verhouding meer positief vir akademiese prestasie te maak, word addisionele personeel deur die Beheerliggaam aangestel.

PROSEDURE BY TOELATING

1. Inskrywing vir 'n betrokke jaar sluit op 31 Augustus van die voorafgaande jaar. Laat inskrywings sal op 'n tydsvoorkeurbasis ná onderhoude met die skoolhoof geskied.

2. 'n Skriftelike aansoek om toelating op die voorgeskrewe inskrywingsvorm (by skool beskikbaar) word deur alle voornemende leerlinge aan die skoolhoof gerig en moet vergesel word van 'n afskrif van die leerling se geboortesertifikaat en sy jongste skoolrapport.

3. Met die uitsondering van voornemende Graad agt-leerlinge, sal finale goedkeuring van 'n leerling se aansoek geskied slegs nadat die voornemende leerling en sy/haar ouers 'n persoonlike onderhoud met die skoolhoof of sy gevolmagtigde gevoer het.

MISSIE

Die Hoërkool Framesby is 'n Christelik-georiënteerde Afrikaansmedium hoërskool wat hom ten doel stel om sy leerlinge op alle terreine te ontwikkel - akademies, geestelik, sosiaal, kultureel en liggaamlik – ten einde as volwasse en gebalanseerde jongmense hulle roeping in die samelewing suksesvol te vervul.

FRAMESBY EREKODE

Die volgende lewenswaardes van die Framesby-erekode vorm die grondslag van ons gesindheid en optrede, en is die basis waarop ons gedragskode en huishoudelike reëls berus.

1. Lojaliteit
2. Eerlikheid
3. Pligsgetrouheid
4. Stiptelikheid
5. Selfrespek
6. Respek vir ander
7. Respek vir gesag
8. Respek vir eiendom

ONS SKOOLLIED

Te Handhaaf en Bou is ons leuse.

Dit na te volg eie keuse.

Ons neem al die mooi uit ons roemryk verlede,

en bou daarop graag, 'n eervolle hede.

Wat sal skitter en blink

soos die jare wyd kring

as 'n taak met voldoening volbring.

Handhaaf en bou,

Ons sal getrou

trots op ons nasie wees

en met 'n suiwer gees

gee wat ons land van ons vra:

ons staan in diens van Suid-Afrika!

Melodie : Prof. Johan Potgieter
Woorde : Dr. W.J.C. Visser

GEDRAGSKODE EN HUISHOUDELIKE REËLS

Net so min as 'n huisgesin sonder basiese gesinsreëls kan funksioneer, kan 'n skool ordelik voortgaan sonder voorskrifte aan die ouers en leerlinge.

By toelating onderwerp leerlinge hulle aan die nakoming van die gedragskode en huishoudelike reëls. 'n Samevatting van hierdie reëls word omskryf in die Framesby Jaarbeplanner wat jaarliks deur alle leerlinge aangekoop moet word.

Ouers word vriendelik versoek om hulle samewerking ten opsigte van die volgende belangrike reëls te verleen:

1. Skoolbywoning is verpligtend en dit is die ouers se verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle kinders die skool bywoon. Ons plaas 'n premie op stiptelikheid.

2. In geval van afwesigheid moet die ouer in die toegelate ruimte van u kind se Framesby Jaarbeplanner die rede en datum van afwesigheid verstrek en dit onderteken.

3. Mediese en ander afsprake vir u kinders mag nie gedurende skoolure gemaak word nie.

4. Ingeval u kind medies ongeskik is om deel te neem aan Liggaamlike Opvoeding en sport, moet u 'n mediese sertifikaat by die Graadhoof indien. Ons verwag dat leerlinge aan minstens een buitemuurse aktiwiteit (sport en/of kultuur) die hele jaar sal deelneem.

5. Ouers moet toesien dat hul kinders elke dag netjies en korrek geklee na die skool en skoolaktiwiteite kom en dat alle kledingstukke behoorlik gemerk is.

6. Leerlinge se optrede in die openbaar moet van so 'n aard wees dat dit altyd die goeie naam van die skool sal bevorder.

7. Geen boodskappe, behalwe in noodgevalle, sal gedurende skoolure aan leerders oorgedra word nie.

8. Selfone mag nie in onderrigtyd gebruik word nie en leerders moet geleer word om dit verantwoordelik te gebruik.

TUISWERK

Tuiswerkopdragte word daagliks vir elke vak gegee. Dit is belangrik dat leerlinge daarop let dat tuiswerk nie slegs skriftelike werk insluit nie, maar ook gereelde studie. Sodoende bly leerlinge daagliks op hoogte van hulle werk - 'n voorvereiste vir sukses tydens eksamens.

Dit is verpligtend dat leerlinge aan die begin van die jaar die Framesby Jaarbeplanner aankoop waarin tuiswerk gereeld aangeteken word. Hierdie dagboekie bevat ook die volledige jaarprogram, asook ander belangrike inligting en word teen 'n baie billike prys deur die skool voorsien. Ouers word dringend versoek om ons by te staan deur gereeld toe te sien dat voldoende tyd aan tuiswerk bestee word. Die volgende tye dien as riglyne:

Graad 8 en 9	:	Daagliks minstens 2½ uur (ongeveer 25 minute per vak).
Graad 10 tot 12	:	Daagliks minstens 3½ uur (ongeveer 35 minute per vak).

SKOOLGELD

Skoolgeld word jaarliks deur die Beheerliggaam vasgestel en is op navraag by die Algemene Kantoor beskikbaar.

Skoolgeld word bereken oor 'n periode van 10 maande, dit wil sê vanaf 1 Februarie tot 30 November.

Skoolgeld is streng maandeliks of jaarliks vooruitbetaalbaar. Betalings kan by wyse van kontant, tjeks, aftrekorder (wat u self met u bank reël) of internet gedoen word. Met direkte inbetaling moet u asseblief u kind se naam baie duidelik noem sodat die allokering na die korrekte rekening gemaak kan word.

'n Afslag van een maand (10%) sal toegestaan word indien die skoolgeld vir die volle jaar vóór die einde van Februarie van die betrokke jaar betaal word.

Volgens Wet is daar ook geleentheid vir ouers wat moontlik finansiële probleme met die betaling van skoolfonds ondervind, om by die Finansiële Beampte van die skool reëlings vir die betaling van verminderde skoolgelde te tref. Dokumentasie vir hierdie prosedure is by die skool beskikbaar.

Ouers moet toesien dat alle finansiële verpligtinge teenoor die skool, jaarliks, op 30 November afgehandel is. Elke ouer het hierdie verantwoordelikheid teenoor die skool om te verseker dat skoolfonds betaal word en daardeur 'n positiewe bydrae te maak ten opsigte van die onderrig van sy/haar kind.

AKADEMIE

DIE SKOOL SE VAKKEUSE

Binne die besonder wye vakkeuse wat ons aanbied, wil ons probeer om, sover moontlik, elke leerling se unieke vakkeuse te akkommodeer.

Dit sal onder andere bepaal word deur die getal leerlinge wat 'n bepaalde vak vir die betrokke jaar wil volg. As gevolg van die nasionale onderwyser-leerlingverhoudings, sal dit byvoorbeeld nie prakties haalbaar wees om in 'n spesifieke jaar 'n vak vir minder as 20 leerlinge in die betrokke graad aan te bied nie.

Waar daar praktiese probleme ontstaan om 'n leerling se spesifieke vrye vakkeuse te akkommodeer, sal daar op 'n individuele basis gesprek met die betrokke leerling en ouers gevoer word.

ALGEMENE ONDERWYS EN OPLEIDING (GRAAD 8 EN 9)

VERPLIGTE LEERAREAS : GRAAD 8 EN 9

KOMMUNIKASIE EN TAALVAARDIGHEID
- Afrikaans Huistaal
- Engels Huistaal ***of*** Engels eerste addisionele taal

WISKUNDE

NATUURWETENSKAPPE

SOSIALE STUDIES

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

TEGNOLOGIE

LEWENSORIËNTERING

KUNS EN KULTUUR

KEUSEVAKKE

GRAAD 8

Musiek as vak kan in plaas van **Kommunikasie in Xhosa** binne skoolverband geneem word.

Kommunikasie in Xhosa		
Musiek (moet reeds Graad 1 prakties en teorie afgelê het)		Spesifiseer instrument_____ _____

GRAAD 9

Rekenaargeletterdheid is verpligtend.

KIES EEN VAN DIE VOLGENDE

Kommunikasie in Xhosa		
Ingenieurs Grafika en Ontwerp		
Musiek		Spesifiseer instrument_____

VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING - GR 10 -12

GROEP A : **VERPLIGTE VAKKE**

VAKKE	KEUSE
1. Afrikaans Amptelike Huistaal	✓
2. Engels Amptelike Huistaal	
of Eerste Addisionele Taal	
3. Wiskunde	
of Wiskundige Geletterdheid	
4. Lewensoriëntering	✓

GROEP B : **KEUSEVAKKE**

KIES ENIGE 3
(LET WEL : CAT (no. 6) en I.T. (no. 10) mag nie saam geneem word nie.)

VAKKE	KEUSE
1. Fisiese Wetenskappe (Skeinat)	
2. Lewenswetenskappe (Biologie)	
3. Geografie (Aardrykskunde)	
4. Rekeningkunde	
5. Besigheidstudies (Bedryfsekonomie)	
6. Rekenaartoepassingstegnologie (CAT) (Rekenaarstudie SG vir eindverbruiker)	
7. Inligtingstegnologie (Rekenaarstudie HG proggrammering)	
8. Verbruikerstudies (Huishoudkunde)	
9. Ingenieursgrafika en- ontwerp (Tegniese Tekene)	
10. Musiek	
11. Toerisme	

3. DIE VEREISTES VIR TOELATING TOT HOËR ONDERWYS

3.1 Vakke vir graadstudietoelating (tans bekend as universiteitstoelatingsvakke)

- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Ekonomie
- Ingenieursgrafika en- ontwerp
- Geografie
- Verbruikerstudies
- Inligtingstegnologie
- Tale (een 'n Taal van Onderrig en Leer (TOL) by 'n hoër opvoedkundige instansie en twee ander erkende taalvakke)
- Lewenswetenskappe
- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid
- Musiek
- Fisiese Wetenskappe

3.2 Vereiste minimumpersentasies vir studietoelating

- *Vir **graadstudies*** (tans bekend as universiteitstoelating)
  50% in vier van die vakke in bogenoemde lys
- *Vir **diplomastudies***
  40% in enige vier Nasionale Seniorsertifikaatvakke (m.a.w. bogenoemde lys plus Toerisme, Rekenaartoepassingstegnologie en Lewensoriëntering).
- *Vir **sertifikaatstudies***
  Geen vereiste minimumpersentasies nie, die kandidaat moet bloot die NSS verwerf

3.3 Vereistes vir verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)

3.3.1 'n Leerder moet 'n evalueringskode 3 (40% - 49%) in 3 vakke behaal waarvan een 'n amptelike huistaal in Groep A moet wees.

3.3.2 'n Leerder moet 'n evalueringskode 2 (30% - 39%) in 3 ander vakke behaal, met die ekstra vereiste dat 'n volledige portefeuljepunt as bewys van die jaar se assessering vir die druipvak ingedien moet word.

3.3.3 Geen algehele gemiddelde word bereken nie en dit vorm ook nie deel van die vereistes nie.

3.3.4 Indien Musiek geneem word, word 65% vir Royal Schools- / Trinity- of 50% vir UNISA-eksamens vereis. Slegs die hoogste prestasie sal in ag geneem word.

MUSIEK: Die skool bied die volle spektrum van teorie aan, maar op praktiese vlak word slegs KLAVIER en VIOOL aangebied. Enige leerder wat 'n ander instrument wil bespeel sal op **eie koste** en **na-ure** hierdie instrument moet neem.

3.4 Evalueringskaal vir Grade 10 -12

Evalueringskode	Vlakbeskrywing	Punte %
7	Uitmuntende prestasie	80 – 100
6	Verdienstelike prestasie	70 – 79
5	Beduidende prestasie	60 – 69
4	Voldoende prestasie	50 – 59
3	Matige prestasie	40 – 49
2	Basiese prestasie	30 – 39
1	Ontoereikende prestasie	0 – 29

SKOOL- EN SPORTDRAG

MEISIES

1. ALGEMENE VOORKOMS

Die voorskrif aangaande voorkoms van leerders word breedvoerig in die skool se Jaarbeplanner uiteengesit.

2. SKOOLDRAG

Somer

- Rok (donkerblou): soomlyn 14cm van die grond wanneer dogter kniel
- Kort wit sokkies
- Swart skoene - Toeryg of met 'n bandjie oor die voet.
  (L.W. skoolskoen, nie modeskoene, suede of seilskoene nie)
- Donkerblou broekies
- Wit kortmou-oopknoophemp
- Skoolbaadjie met 'n wapen (afhangend van weersomstandighede)
- Skooltrui - slegs onder skoolbaadjie ('n skooltrui sonder 'n skoolbaadjie is dus nie toelaatbaar nie)

Winter

- Skoolbaadjie met wapen
- Rok (donkerblou - dieselfde as somersdrag)
- Wit hemp met boordjie
- Skooldas

- Swart skoene - dieselfde as vir die somer
- Skooltrui - slegs onder die skoolbaadjie
- Driekwart grys sokkies met skoolkleure OF voorgeskrewe sykouse
- Framesby Windbrekerbaadjie (slegs bo-oor skoolbaadjie)
- Grys lang broek

3. SPORTDRAG

By alle amptelike sportgeleenthede word van die leerlinge verwag om

- óf hul skoolklere
- óf 'n Framesby sweetpak te dra.

Atletiek en Landloop

Atletiek- en landloopfrokkies is by die Framesby Klerewinkel beskikbaar op bestelling. Maroen hardloopbroekie is by enige sportwinkel beskikbaar.

Netbal

Hemp - donkerblou Framesby Sporthempie met maroen kraag. By Framesby Klerewinkel beskikbaar.
Romp - Framesby Sportrompbroek - op bestelling by Framesby Klerewinkel beskikbaar. Wit sokkies.

Hokkie

Hemp - donkerblou Framesby Sporthempie met maroen kraag. By Framesby Klerewinkel beskikbaar.
Romp - Framesby Sportrompbroek - op bestelling by Framesby Klerewinkel beskikbaar. Stewels/Tekkies

Tennis

Hemp - donkerblou Framesby Sporthempie met maroen kraag.
Romp - Framesby Sportrompbroek - op bestelling by Framesby Klerewinkel beskikbaar.

Krieket

Wit kriekethemp – by Ruilwinkel bestel.
Wit krieketlangbroek.
Kriekettrui en Pet word by die Ruilwinkel bestel.

Muurbal

Hemp - donkerblou Framesby Sporthempie met maroen kraag. By Framesby Klerewinkel beskikbaar.
Romp - Framesby Sportrompbroek - op bestelling by Framesby Klerewinkel beskikbaar.

Gholf

Donkerblou Framesby - gholfhemp met 'n beige broek.

SEUNS

1. ALGEMENE VOORKOMS

Die voorskrif aangaande voorkoms van leerders word breedvoerig in die skool se Jaarbeplanner uiteengesit.

2. SKOOLDRAG

Somer

- Kortmouhemp met sakwapen
- Kort of lang grysbroek
- Skoolbaadjie met skooldas indien die weer dit vereis
- Skooltrui - slegs onder skoolbaadjie
- Grys sokkies by langbroek of skoolkouse by kortbroek
- Skoene - swart – toeryg (geen gespe- of ander modeskoene nie)

Winter

- Wit hemp met boordjie
- Skooldas
- Lang grys broek
- Skoolbaadjie met wapen
- Skooltrui - slegs onder skoolbaadjie
- Grys sokkies by langbroek
- Skoene - swart – toeryg (geen gespe- of ander modeskoene nie)

3. SPORTDRAG

Bywoning van wedstryde

By alle amptelike sportgeleenthede word van die leerlinge verwag om

- óf hul skoolklere
- óf 'n Framesby sweetpak te dra.

Atletiek en Landloop

Atletiek- en landloopfrokkie is by die Framesby Klerewinkel beskikbaar op bestelling. Maroen hardloopbroekie is by enige sportwinkel beskikbaar.

Rugby

Trui – by verskaffers
Kort wit broekie
Rugbystewels - eie keuse
Kouse - blou en maroen gestreep

Tennis

Hemp - donkerblou Framesby Sporthempie met maroen kraag. By Framesby Klerewinkel beskikbaar.
Maroen lang-kortbroek op bestelling by Framesby Klerewinkel beskikbaar.

Hokkie

Hemp - donkerblou Framesby Sporthempie met maroen kraag. By Framesby Klerewinkel beskikbaar
Maroen lang-kortbroek op bestelling by Framesby Klerewinkel beskikbaar
Rugbykouse
Stewels/Tekkies

Gholf

Donkerblou Framesby-gholfhemp met 'n beige broek

Krieket

Alle spanne : Wit langbroek met kriekethempie
Tekkies/Krieketstewels
Kriekettrui word by krieketorganiseerder bestel

Muurbal

Hemp - donkerblou Framesby Sporthempie met maroen kraag. By Framesby Klerewinkel beskikbaar.
Framesby donkerblou broek - op bestelling by Framesby Klerewinkel beskikbaar.

VERSKAFFERS

Die amptelike verspreiders van Framesby skooldrag is:

1. Birch's, T. Edms. Bpk., Newtonpark, P.E. Tel.: 363 1360
2. Schultz Algemene Uitrusters, Weststraat 26, Newtonpark, P.E. Tel.: 365 2183

Die skooldrag is op 13 Oktober 1967 deur die Buro van Heraldiek geregistreer en geen ongemagtigde persoon mag die skooldrag dra nie. Ouers word versoek om nie die skooldrag aan persone wat nie by die skool betrokke is te gee nie, aangesien u u dan aan vervolging blootstel.

Die skool het ook sy eie klerewinkel waar sekere tweedehandse, asook nuwe kleredrag-items gekoop en verkoop word.

Die klerewinkel is elke Woensdag tussen 12:00 en 15:00 en Donderdag vanaf 15:30 tot 17:30 oop. Daar is spesiale bestellingdae gereël vir nuwe leerlinge. Hierdie datumlys verskyn as 'n addendum saam met die aanvaardingskennisgewing.

TOEKENNINGS (Meriete, Kleure en Erekleure)

Die volgende 3-Vlak-toekenning bestaan by Framesby:

VLAK I : MERIETETOEKENNING

Merietepunte word toegeken vir uitsonderlike balans tussen Akademie, Sport en Kultuur. Geregtig op gepaste kleur merieteknopie

VLAK II : KLEURE

Hoofsaaklik in spanverband mits die leerling vanaf Graad 8 die sport/kultuur beoefen het.

Fisiese klere : Effekleurige blou baadjie met SILWER balkie(s).

VLAK III : EREKLEURE

Uitsonderlike individuele prestasie op amptelike provinsiale/ nasionale vlak

Fisiese klere : Effekleurige blou baadjie met GOUE lourier en balkie.

KLEURE EN EREKLEURE

Kleure en Erekleure word op meriete vir akademiese prestasie en alle sportsoorte en kultuurbedrywighede wat in die skool beoefen word, toegeken. Erekleure word ook aan buiteskoolse aktiwiteite toegeken indien die leerling onder die drie toppresteerders in Suid-Afrika in die betrokke aktiwiteit eindig. Die inligtingsboekie met Kriteria en Riglyne is by die algemene kantoor beskikbaar.

Die kleure (slegs van Gr 11) en erekleure (slegs van Gr 10) kan alleenlik met die skool se toestemmingsbrief by die leweransiers verkry word en mag slegs vanaf die voorgeskrewe Grade gedra word.

Balkies is slegs by die skool se Algemene Kantoor beskikbaar.

SPORT

Baie tyd en koste word aan toerusting en die ontwikkeling van die sportvelde bestee. Die skool beskik tans oor die volgende fasiliteite:

3 rugbyvelde; 'n atletiekbaan; 3 hokkievelde; 4 netbalbane; 6 tennisbane;
6 krieket-oefennette; 2 krieketvelde; 'n pawiljoen en 'n kafeteriakompleks.

DIE VOLGENDE SPORTSOORTE WORD DEUR FRAMESBY AANGEBIED:

Atletiek
Gholf
Hokkie (Seuns en Meisies)
Swem
Tennis
Tweekamp
Dansklub
Netbal
Rugby
Krieket (Seuns)
Landloop
Muurbal
Skaak

KULTUUR

Op kulturele vlak word voorsiening gemaak vir die wye verskeidenheid van leerling-belangstellings. Die volgende kulturele aktiwiteite word by Framesby dwarsdeur die jaar beoefen:

Skoolkoerant
Gemengde Koor (Framesby Fantasia)
Instrumentale Ensemble (Forte)
Debat/Redenaars
ACSV
Laboratoriumprefekte
Toneel (FRUK)
Landsdiens
Musiek
Mediaprefekte
Filantrope (welsyns organisasie)

FINANSIËLE ERKENNING VIR SPORT- EN KULTUURPRESTASIES *(BINNE SKOOLVERBAND)*

Finansiële erkenning in die vorm van 'n kontantbedrag word jaarliks tydens ons Sport- en Kultuurtoekenningsaand toegeken aan bekerwenners sowel as alle leerlinge wat in bogenoemde skoolsportsoorte die betrokke jaar in amptelike provinsiale spanne opgeneem is.

LEERLINGLEIERSKAP

By die Hoërskool Framesby bestaan daar verskeie leierskapmoontlikhede vir ons leerders. Behalwe die kapteinskap van ons sportspanne en komiteelede van al ons kultuuraktiwiteite, het ons ook 'n klasverteenwoordigerstelsel en 'n monitorstelsel met breë verteenwoordiging onder ons leerlinge.

Elke klas het twee klasverteenwoordigers (Graad 8-12). Behalwe hulle daaglikse pligte ten opsigte van hulle klas, vergader die groep leerlinge verskeie kere per jaar saam met die skoolhoof om alle leerlingbehoeftes direk aan hom te rapporteer.

Alle Graad 12 en 11 leerders het die keuse om vir monitorskap aansoek te doen. Die monitors word dan in 10 komitees verdeel, naamlik :

Gemeenskapsdiens, Kultuur, Saal en Dissipline, Skakeling en Bemarking, Skoolgees, Sosiaal, Spesiale Geleenthede, Sport, Tegnies en Verfraaiing.

Die monitors verkies 'n Monitorbestuur (voorheen Leerlingraad) 24 uit Graad 12 en 8 uit Graad 11. Hulle sien toe dat bogenoemde komitees funksioneer. Die Monitor-bestuur verkies hulle eie 4 Hoofleiers. Die Hoofleiers verteenwoordig die leerlinge op die Beheerliggaam van die skool en is oorhoofs verantwoordelik vir die bestuur van die monitorstelsel.

Daar is ook verskeie departementele en buite-organisasies waarop verkose leerlinge kan dien, onder andere die Junior Stadsraad.

BEHEERLIGGAAM

Ons Beheerliggaam bestaan uit 17 lede met die volgende verteenwoordiging :

9 ouers
4 onderwysers
3 leerders
1 lid van die nie-onderrigpersoneel.

FRAMESBY ONDERSTEUNERSVERENIGING

Die doelstellings van hierdie vereniging is die volgende:

- Om betrokkenheid van ouers, onderwysers, oud-leerlinge en vriende van die skool aan te moedig.
- Om 'n gesonde gees van samehorigheid onder lede te vestig.
- Om, waar moontlik, hulp te verleen aan die skool om sy totale opvoedingstaak te verwesenlik.
- Om in samewerking met die skool fondsinsamelingsprojekte te loods.

Die volgende persone kan registreer deur 'n aansoekvorm te voltooi en 'n eenmalige registrasiefooi van R50 per persoon of R100 per ouerpaar te betaal:

- Huidige ouers
- Skoolpersoneel
- Oud-leerlinge
- Oud-ouers
- Oud-onderwysers
- Enige belangstellende vriende van die skool

HANDBOEKE

Handboeke en skryfbehoeftes word nie by skoolgeld ingesluit nie, en moet self aangekoop word. Dit is belangrik dat alle leerlinge reeds aan die begin van die nuwe skooljaar oor alle handboeke en skryfbehoeftes sal beskik.

Let asseblief ook daarop dat die skool nie tweedehandse handboeke verkoop nie. Verkope van tweedehandse handboeke is dus 'n privaatreëling tussen individuele leerlinge/ouers. Maak in so 'n geval seker dat dit die korrekte voorgeskrewe handboek(e) is.

Voorgeskrewe boeke (Literatuurstudie) word deur die skool aan die leerlinge verskaf, maar bly die eiendom van die skool. Die koste vir beskadigde of verlore boeke sal van die leerlinge verhaal word. Voorgeskrewe boeke moet dus met plastiek oorgetrek en netjies gehou word.

KAFETERIA

Twee voltydse personeellede bestuur die kafeteria. 'n Wye verskeidenheid warm en koue produkte word aangebied. Die kafeteria is oop tydens beide daaglikse pouses, sowel as aan die einde van die skooldag een uur nadat die skool verdaag het, asook tydens sport tuiswedstryde.